

KEER JAG MET STRIKKE



STRIKKE IS ONWETTIG

- 'n Strik is 'n geankerde lus, gemaak van tou of draad, met die doel om diere te vang
- Jag sonder 'n permit en jag met 'n strik is onwettig
- Jy kan tronk toe gaan of swaar beboet word
- Jy kan jou werk verloor



STRIKKE KAN GEVAARLIK WEES VIR MENSE

- Bosvleis kan jou baie siek maak. Bosvleis word soms van verrottende of siek diere geoes. Jy kan nooit seker wees dat dié vleis veilig is om te eet nie
- Roofdiere wat beseer word in strikke, maar los kom, kan jag maak op troeteldiere of vee
- Beseerde diere wat los kom van strikke kan ook mense beseer



STRIKKE IS SLEG VIR DIE OMGEWING

- Strikke kan nie kies watter diere om te vang nie en vang dus dikwels 'verkeerde' diere soos troeteldiere, roofdiere, en vee
- Strikke lei tot vermorsing en karkasse lê gewoonlik en vrot
- Strikke is nadelig vir roofdiere want dit verminder die prooi diere wat luiperds, rooikatte en ander roofdiere kan vang
- Strikke is nie volhoubaar nie. Dit beskadig die natuur en verminder biodiversiteit



HELP ONS OM STRIKJAG STOP TE SIT

- Rapporteer strikke aan grondeienaars
- Verwyder strikke uit die omgewing
- Leer vriende en familie oor die nadele van strikke en die gevolge wat strikjagters in die gesig staar
- Oorweeg alternatiewe maniere om kos te kry, soos om hoenders groot te maak of bone te groei



© SCOTT RAMSAY GROOTBOS FOUNDATION

